**Saterdag 2 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 1; Psalm 46**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:23**

## Neem God op sy beloftes

Die Koragiete dig Psalm 46 as ’n loflied vir die Here wat uitkoms gegee het toe Jerusalem in die tyd van koning Hiskia beleër was. Hiskia se vader, koning Agas, was een van die mees goddelose konings van die Ou-Testamentiese kerk. Terwyl koning Agas aan bewind was, is hy deur die Siriërs beleër. Die Here het uitkoms aan hom gebied, maar Agas het skynvroom die aanbod van die hand gewys. In werklikheid het Agas reeds met ’n heidense koning ’n verbond om hulp gesluit. In die hitte van die oorlog het Agas se wêreldse bondgenoot teen hom gedraai en hy het die oorlog vernederend verloor. Juis by die geleentheid toe Agas die Here se hulp van die hand gewys het, het die profeet Jesaja aan hom die Immanuelbelofte gegee: “God sal met jou wees.” Die Immanuelbelofte het ’n eerste vervulling gehad toe God vir Hiskia later in ’n soortgelyke oorlogsituasie uitkoms gegee het.

Die volle vervulling van die Immanuelbelofte kom met die geboorte van Jesus Christus, die Seun van God. Hy bring nie verlossing vanuit ’n oorlogsituasie nie, maar verlossing vanuit sonde (vgl. Matt. 1:21). Wanneer die Nuwe-Testamentiese kerk in Rome deur die heidense keiser bedreig word en hy hulle onder geweldige leed en swaarkry bring, dan troos en versterk die apostel Paulus die gemeente in Rome juis met die feit dat God ons Immanuel is, en dat niks wat ’n aardse keiser doen, ons van die liefde van God in Christus Jesus kan skei nie (Rom. 8).

Agas het hom nie aan God se verbondsbeloftes gesteur nie, maar eerder ’n verbond met die wêreld gesluit. Die wêreld is altyd onbetroubaar en draai teen jou in die uur van nood. Neem egter met volle vrymoedigheid vir God op sy beloftes. God kan nie lieg nie (Tit. 1:1-3, 1933-vert.). God kom altyd sy beloftes na. Sy belofte van die ewige lewe vir dié wat in Christus Jesus is, staan ewig vas. Ongeag jou aardse posisie van swaarkry en leed sal jou ewige redding nie in gedrang kom nie. Die rede is dat Jesus mens geword het, Hy is God met ons. God sal nooit die volmaakte verlossingswerk van sy Seun minag nie. Lees gerus die preekbundel van prof. L Floor, *Immanuel, God met ons*, waarin hy pragtig en prakties wys hoe ons vanuit die Immanuelbelofte van dag tot dag kan leef.

*Sing: Psalm 46:1, 6*

*Ds. JL (Louis) Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)*